heidekoppie nuus

08 Augustus 2021

Kerkkantoor-ure: Weeksoggende 09:00 – 12:00

Joh **20:21**
"'Vrede vir julle!' sê Hy weer vir hulle.
Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook."

VANOGGEND

Ds Franz
Gevleuelde vroue reis lig.
Matt 11:28-30

God, vandag eer ons vroue van alle tye en plekke
Moedige vroue
Hoopvolle vroue
Lydende vroue
Treurende vroue
Vroue wat voluit leef
Vroue wat vreugde ervaar
Vroue wat die lewe geniet
Vroue wat die verweefdheid van die menslike familie verstaan
Vroue wat werk daarvoor dat almal floreer
Vroue wat met vrymoedigheid en waagmoed leiding neem in die transformasie van ongelyke en onderdrukkende magsstrukture
Vroue wat soek na gedeelde wysheid en liefde
Hierdie maand vier ons die bevordering van die volle menswaardigheid van vroue orals
Ons weet dat niks wat die volle menswaardigheid van vroue ontken en verdraai van God af kom nie
Help ons om getrou te wees aan u roeping om alle mense ewe lief te hê.
Ons bid dit in U heilige Naam. Amen

Tané Theron
(Geneem uit "Vrydagnuus")

EREDIENSTE

Daar is nie tans eredienste, kinderkerke of Space in die kerkgebou nie.
Wanneer die reëlings verander, sal dit so spoedig moontlik gekommunikeer word.

Heidekoppie se YouTube-kanaal waarop al die ou en nuwe videos is:
https://www.youtube.com/user/heidekoppie

KWARTAALTEMA KW 3

Kom na My toe. . .

Vandag
Gevleuelde vroue reis lig.
Matt 11:28-30
15 Aug
"Kom na My toe vir...VERTROOSTING"
Matt 5:4
22 Aug
"Kom na My toe ...NET SOOS JY IS!"
29 Aug
"Kom na My toe vir...RUS."
05 Sep
"Kom na My toe vir...KRAG!"
Jes 40:27-31
12 Sep
Taai toffies en teologie
19 Sep
Taai toffies en teologie
26 Sep
"Kom saam met My!"

Die Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
ontvangs@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie I
https://www.youtube.com/ user/heidekoppie

Leraars: Ds Anton Roux ants@heidekoppie.com 083 504 2613
Ds Franz Burger 060 360 5305 franz@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 jeugwerker@heidekoppie.com

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die vlg persone, 70jr en ouer, wat verjaar!

8 Aug
Eugénie de Klerk
Annie Mouton
11 Aug
Marta du Toit
12 Aug
Helena Bernhardt
Johan Conradie
13 Aug
Paula Furniss
14 Aug
Maretha Groenewald

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

Bankbesonderhede:
NG Kerk Heidekoppie,
Absa Brackenfell Tak,
Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr.:
145 058 0674

WOORD OP DIE HART
(Oordenkings)

Vanaf eersk Wo 11 Aug word daar weer oordenkings deur ons leraars uitgesaai! Dit sal op die whatsapp-groepe geplaas word. Navrae: Jackie by admin@heidekoppie.com.

40 JAAR VIERINGE

Heidekoppie verjaarsdag: Donderdag 7 Oktober

Die volgende is in die pyplyn; hou die spasie dop!

WEGNEEM-ETES op Vrydagaande.

Vrolike MUSIEK-AAND op Saterdag 9 Oktober

FEESDIENS op Sondag 17 Oktober

FEESBASAAR op Saterdag 30 Oktober. (Dit sou aanvanklik 4 Sep wees.)

OP Vry 30 Julie is 'n verklaring deur Dr Gustav Claassen, sekretaris van die NG Kerk, uitgereik ivm die onluste in KZN en ook die uitsprake van Strand Gemeente oor dwaalleringe in die NG Kerk. Die verklaring is by die kerkkantoor beskikbaar; stuur gerus 'n e-pos indien jy dit wil ontvang.

TAAI TOFFIES EN TEOLOGIE

Op Sondag 12 September en Sondag 19 September gaan daar nie die gewone "eredienste" wees nie. Op hierdie twee Sondae gaan Ds Anton en Ds Franz vrae waarmee lidmate worstel, probeer antwoord. Veral vrae wat op die oomblik relevant is, bv vrees vir die dood, verlies, vergifnis, hoe lyk dit in die hemel, inenting of nie, depressie en antwoord op gebede. Stuur jou vrae gerus na die kerkkantoor by admin@heidekoppie.com of na Ds Anton by ants@heidekoppie.com .

DOOP

Daar is nog geen sekerheid oor wanneer daar weer 'n doopdiens gaan wees nie, maar indien jy graag jou kindjie wil laat doop, kontak solank vir Suzette by die kerkkantoor (ontvangs@heidekoppie.com).

MEELEWING

Ons is saam met Tannie Stella Venter baie hartseer oor die dood van Oom Peet. Mag die Here haar en die familie vertroos.

SILWERJARE

Dinsdag 10 Augustus om 10:00 in die onderste saal.

Aletta Olivier kom vrolik ons seniors 'n bietjie op met 'n interessante geselsie!
Daar word ongelukkig net voorsiening gemaak vir die persone wat reeds bespreek het.

Vir almal wat beplan om binnekort te trou!

Dankie aan Klaradyn vir die skenking van al die beskuit!!

HELP MEKAAR

- **Gesoek**: 1-slaapkamer woonstel of tuinwoonstel vir 'n gesonde en baie netjiese pensioenpaartjie. Dit kan op die platteland ook wees. Kan R3 500 per maand bekostig.
- **Pensioenaris op soek** na werk: Enige voorman-, opsigter-, drywerwerk of iets soortgelyks. Beskik oor PDP en kode 10-lisensie. Bereid om kortafstand te ry. Sal op plaas ook werk. Baie betroubaar en netjies.

HET JY CLIVIAS? Een van ons vriendelike lidmate het aangebied om clivias by die kerk te plant. **BRING ASB JOU SADE!**
Bring kerkkantoor toe of gooi in die posbus by Wagnerstr 7. DANKIE!

UIT DIE ARGIEF … 27 JAAR GELEDE

MUNISPILITEIT BRACKENFELL MUNICIPALITY

23 November 1994

Skriba
NG Kerk Heidekoppie

Meneer/mevrou

ONBEVREDIGENDE TOESTANDE: ERF 4726: NG KERK HEIDEKOPPIE: PROTEAWEG, BRACKENFELL

Klagtes van omliggende inwoners is ontvang dat die suidelike gedeelte van bg perseel verwaarloos voorkom deurdat dit oorgroei is met ongekweekte plantegroei.

U word vriendelik dog dringend versoek om aandag aan die saak te skenk ten einde die probleem by te lê.

U samewerking sal waardeer word.

Die Uwe
RH Kotze
Hoof:
Gemeenskapsdienste

Dit was in die dae toe die agterste parkeerterrein nog veld was! En daar naby die agterstoep se trappe waar die teer altyd so insak – dit was 'n put.

FRANCISKAANSE GEBED (aangepas)

HERE, MAAK ONS INSTRUMENTE VAN U VREDE:

Seën alle vroue wat hulleself daagliks beywer vir vrede in hulle gemeenskappe, huise en harte. Skenk aan hulle die krag om voort te gaan om van swaarde, ploegskare te maak.

WAAR DAAR HAAT IS, LAAT ONS DAAR U LIEFDE BRING.

Ons bid vir alle vroue wat met vals vooroordele, onreg en genderongelykhede moet saamleef. Help ons om al die diskriminasie teen vroue, in watter dit ookal manifesteer, te sien en in die oë te kyk.

WAAR DAAR ONREG IS, VERGIFNIS.

Vertroos alle vroue wat ly onder die pyn van oorlog, geweld en mishandeling.

Bemagtig hulle om instrumente van versoening en vrede te word.

WAAR DAAR VERDEELDHEID IS, HEELHEID.

Vergewe alle vroue en mans wat toelaat dat daar op grond van verskille haat en diskriminasie uitbroei.

Help ons om te sien dat u ons as gelyke vennote geskape het en aan ons gesamentlik die skepping toevertrou het.

WAAR DAAR DUISTERNIS IS, LIG EN WAAR DAAR LEUENS IS, U WAARHEID.

Koester alle vroue wat 'n stryd voer in die donkerte van mishandeling, armoede en alleenheid. Mag ons deur die erkenning van hulle lyding, saam met hulle in die lig staan en so die juk van skaamte en vernedering lig.

WAAR DAAR TWYFEL IS, WARE GELOOF.

Ons bid vir vroue wat in vrees lewe vir hulle eie mans, pa's en magte wat hulle lewens beheer. Bemagtig hulle deur u ewigdurende liefde en geloof om hulle ware self te wees.

WAAR DAAR WANHOOP IS, HOOP.

Ons bid vir all vroue wat in die wanhoop van armoede, geweld, mensehandel, slawerny en mishandeling leef. Mag die lig van u liefde vir hulle hoop bring.

WAAR DAAR DROEFHEID IS, WARE VREUGDE.

Help ons om die krag en goedheid in alle vroue en mans raak te sien. Transformeer ons harte sodat ons u liefde en genade vir alle mense kan vier. En mag ons geseën word met die moed van St Clare van Assisi om ons eie pad van liefde vir U en alle susters en broers te volg.

Gebed van Franciskus van Assissi, aangepas deur Deborah Hirt